**Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging**

Tel: 044 691 3054
E-pos: status1@status-mark.co.za
Web: https://www.hartenboshuiseienaars.co.za

**NOTULE / MINUTES**

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN HARTENBOS VAKANSIEDORP HEV GEHOU OP DONDERDAG, 28 DESEMBER 2023 OM 09H00 BY LAERSKOOL HARTENBOS.**

**MEETING OF THE ANNUAL GENERAL MEETING OF HARTENBOS VAKANSIEDORP HOA HELD ON THURSDAY, 28 DECEMBER 2023 AT 09H00 AT HARTENBOS PRIMARY SCHOOL.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | **Opening en Verwelkoming** | | **Aksies** |
| | | | |
| | Die voorsitter, Mnr Stapelberg, open die vergadering met gebed en heet almal welkom.<br><br>'n Spesiale woord van welkom aan die verteenwoordigers van Alert Patrol en die ATKV | | |
| | | | |
| **2** | **Teenwoordig, verskonings en volmagte** | | |
| | | | |
| | **2.1** | **Teenwoordig** | |
| | | | |
| | | Lede soos per presensielys<br><br>• Lize-Mari Uys (Status Mark)<br>• Franzelle Liebenberg (Status Mark)<br>• Wessel Du Toit (Status Mark)<br>• Erna Andrews (Status Mark) | |
| | | | |
| | **2.2** | **Vasstelling van 'n Kworum** | |
| | | | |
| | | **(Kworumvereiste – 41)**<br>'n Wettige kworum is teenwoordig.<br><br>• 87 Eienaars teenwoordig<br>• 5 Volmagte ontvang<br>Totaal 92 | |
| | | | |
| **3** | **Voorsittersverslag en ATKV Verslag** | | |
| | | | |
| | **3.1** | **Die Voorsittersverslag** | |
| | | | |
| | | Lize-Mari Uys van Status-Mark, stel hulself voor as bestuursagent.<br><br>Die voorsittersverslag word aanvaar as gelees. | |
| | | | |
| | **3.2** | **Die ATKV Verslag** | |
| | | | |
| | | Die ATKV verslag word aanvaar as gelees | |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **4** | **Finansies** | | |
| | | | |
| | **4.1** | **Oorweging en aanvaarding van die Finansiële state** | |
| | | | |
| | | Die finansiële state word vir 2022/2023 aanvaar. | |
| | | | |
| | **4.2** | **Oorweging van die begroting vir 2023/2024** | |
| | | Die begroting word aanvaar.<br><br>Voorstel: Nico Marais<br>Sekondant: Dries Du Toit | |
| | | | |
| **5** | **Goedkeuring van en sake uit die notule van die algemene jaarvergadering gehou op 30 Desember 2022** | | |
| | Die notule van die Algemene Jaarvergadering van 30 Desember 2022 word goedgekeur.<br><br>Voorstel: Marius van Jaarsveld<br>Sekondant: TJ Kotze | | |
| | | | |
| **6** | **Aanstelling van ouditeure** | | |
| | | | |
| | Die Bestuursraad stel Louis Brill & Co Ouditeure voor om 2024 se finansiële state op te stel.<br>Die vergadering aanvaar die voorstel.<br><br>Voorstel: Nico Marais<br>Sekondant: Pieter Coetzee | | |
| | | | |
| | | | |
| **7** | **Verklarings van belange van bestuur** | | |
| | | | |
| | Geen belange is verklaar deur Bestuurslede vir dienste deur die HVHV aangestel nie | | |
| | | | |
| **8** | **Verkiesing van bestuurslede** | | |
| | | | |
| | **8.1** | **Bepaal getal om verkies te word** | |
| | | | |
| | | Lize-Mari Uys noem aan die vergadering dat die Bestuursraad die nominasies wat laat ontvang was, gekondoneer het. | |
| | | | |
| | | Die volgende nominasies was dus vooraf ontvang:<br>• Waldi Lubbet<br>• N're Du Toit<br>• Kobus Burger<br>• Frans Stapelberg<br>• Gideon Knoetze<br>• Hennie Ungerer | |
| | | | |
| | **8.2** | **Verkiesing (15.6)** | |
| | | | |
| | | Die volgende bestuurslede word verkies:<br>• Waldi Lubbe<br>• N're Du Toit<br>• Kobus Burger<br>• Frans Stapelberg<br>• Gideon Knoetze<br>• Hennie Ungerer | |
| | | | |
| **9** | **Oorweging van enige ander sake wat genoem word** | | |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 9.1 | **Debiteure Beleid** | |
| | | | |
| | | Kobus Burger gee 'n voorstelling rakende die beleid.<br><br>Die debiteure beleid word eenparig deur die vergadering aanvaar. | |
| | | | |
| | 9.2 | **Sigbaarheid van sekuriteit** | |
| | | | |
| | | Hendrik Barkhuizen spreek bekommernis uitoor die afwesigheid van sigbaarheid van die sekuriteitswagte.<br><br>Daar is tans drie (3) dag wagte en vier (4) nagwagte aan diens in al drie areas.<br><br>Pieter van Alert Patrol sal sy nommer beskikbaar stel sodat eienaars direk met hom kan skakel oor insidente of klagtes.<br><br>Daar is 'n opsporingstelsel in plek waardeur die bewegings van wagte gemonitor kan word.<br><br>Kobus Burger vra dat insidente ook aan die Bestuur deurgegee word.<br><br>Bestuur sal opvolg en doeltreffend terugvoer gee. | **Bestuur** |
| | | | |
| | 9.3 | **Toegangsbeheer** | |
| | | | |
| | | Awie Geyser noem dat die hek in Mooinooientjiestraat wat gesluit is, problematies is vir lede van die HEV.<br><br>Voorstelle ontvang van die vloer:<br>• Dat gekyk word na 'n wag wat die hek kan beman.<br>• Dat "boom" opgesit word waardeur lede toegang kan verkry.<br>• Dat lede sleutels kry om deur die hek te kan beweeg<br><br>Bestuurlede sal die voorstelle ondersoek en terugvoering gee | **Bestuur** |
| | | | |
| | 9.4 | **Toepassing van Grondwet** | |
| | | | |
| | | Deon Raubenheimer versoek dat bestuurslede ondersoek instel na die oprigting van onwettige strukture en nie-nakoming van bouriglyne.<br><br>Dit word voorgestel dat eienaars hou by die riglyne soos in die Grondwet uiteengesit.<br><br>Pieter stel voor dat 'n argitek aangestel word om bouplanne na te sien en te kyk dat al die riglyne nagekom is.<br><br>Bestuursraad sal ondersoek instel en terugvoering gee | **Bestuur** |
| | | | |
| | 9.5 | **Bouers tye word nie nagekom nie** | |
| | | | |
| | | Bekommernis word uitgespreek dat bouers nie by die tye hou soos in die Grondwet uiteengesit nie.<br><br>Klagtes moet aan Status Mark deurgegee word wat dit dan verder sal hanteer en terugvoer gee. | |
| | | | |
| | 9.6 | **Bome wat nie gesnoei word nie** | |
| | | | |
| | | Nico Marais noem dat daar is bome wat in die pad hang. Dit is al gerapporteer aan Tuindienste.<br><br>Die brandweer se vereiste is dat dit 5m bo die pad oppervlakte gesnoei moet word. | **Bestuur** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Bestuurslede sal aandag gee hieraan. | |
| | | | |
| | **9.7** | **Elektriese aansluitings op dakke** | |
| | | | |
| | | Eienaars word versoek om hulle elektriese aansluitings na te gaan. Dit skuur deur en veroorsaak brande. Daar moet ook na gas aansluitings gekyk word.<br><br>‘n Voorstel word gemaak dat Bestuur een keer per jaar saam met brandweer inspeksie doen om bekommernisse te identifiseer.<br><br>Status Mark word versoek om die brandweer se reëls en aanwysings aan alle eienaars deur te gee. | **Bestuur Status Mark** |
| | | | |
| | **9.8** | **Kragopwekker reëls** | |
| | | | |
| | | Daar is ‘n bekommernis uitgespreek oor die geraas wat kragopwekkers maak.<br>Dit word besluit deur die vergadering dat almal binne die reëls ten opsigte van “geraas” bly, naamlik slegs van 07:00 tot 23:00 in die week en 07:00 tot 24:00 oor ‘n naweek. | |
| | | | |
| | **9.9** | **Korttermyn Verhurings** | |
| | | Francois Hugo versoek dat eienaars meer selektief moet wees oor wie hulle eiendom aan verhuur. Die huurders hou nie by die gedragsreëls van die HEV nie.<br><br>Verskeie eienaars noem dat hul insidente rapporteer het, maar geen terugvoer ontvang het nie.<br><br>Die Voorsitter versoek dat alle klagtes aan Status Mark gemeld moet word.<br><br>Bestuur sal voortaan streng optree teenoor oortreders in terme van Klousule 11 van die Gedragsreëls. | **Bestuur Status Mark** |
| | | | |
| | **9.10** | **Spoedwalle in Outeniquastraat** | |
| | | | |
| | | ‘n Versoek word ontvang om ondersoek in te stel na die invalshoek van die spoedwalle.<br><br>Die Bestuur sal ondersoek instel hierna. | **Management** |
| | | | |
| | **9.11** | **Padboufonds** | |
| | | | |
| | | Die eienaar van Port Natalweg 144 vra oor Portnatalweg en aan watter instansie die pad behoort. Die eienaar voel dat hy onregmatig geforseer was om te betaal vir die padboufonds omdat die pad aan die munisipaliteit behoort.<br><br>Die Voorsitter verduidelik dat die reël vir almal geld wat aan die HEV behoort.<br><br>Stemming per hand word gehou om te bepaal of dit verander moet word.<br><br>Die vergadering bepaal deur meerderheidstemme dat die reël staande sal bly. | |
| | | | |
| **10** | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | | | |
| | Die datum van die volgende vergadering sal bepaal word. | | |
| | | | |
| **11** | **Afsluiting** | | |
| | | | |
| | Met dank aan die Bestuur vir hul harde werk en met geen verdere items om te bespreek nie, sluit die vergadering af om 10:47. | | |